CONDÉ NAST

# House & Garden

SUID-AFRIKA
OKTOBER 2010 R37,95 (BTW ingesluit)



**EKSKLUSIEWE**
DEKORSTYL
KAAPS-HOLLANDS KRY HOUDING
MODERN PROVENSAALS
SEELANGS SJIEK

*nuwe inspirasie*

## BLINK IDEES

**PIENK MAAK 'N IMPAK | SLAAPKAMERS WAT BEKOOR**

*Tuine*

- GUNSTELING ANTIEKE ROSE
- PASSIEVOLLE AANPLANTING

**OMSKEP**
OOPKOP MET OOPPLAN-ONTWERP

10010
9 771814 105007

# Perspektief


Klassiek Sjiek, Bl82

## OKTOBER


Hoog Hollands, Bl68


Span die Seile, Bl88

*Vandeesmaand put ons inspirasie uit huise wat hul herkoms en omgewing vier, hetsy dit tradisioneel met 'n kontemporêre kinkel is of om 'n pragtige uitsig te omraam.*

BL68 **Hoog Hollands** Karin Roos se begeesterde restourasie van 'n historiese Kaapse woning is sensitief en weerspieël haar outentieke styl. BL76 **Gevul met Liefde** 'n Ontwerper se lewenslange ambisie kry gestalte in 'n sjarmante Regentskap-huis. BL82 **Klassiek Sjiek** 'n Ontwerperpaartjie se progressiewe weergawe van Provinsaalse ontwerp gee tradisie 'n speelse dimensie. BL88 **Span die Seile** 'n Palet van koel blou skakerings vul hierdie kuswoning met glansryke styl sonder enige clichés.





# hoog hollands

HAAR VERBLYF IN NEDERLAND HET KAREN ROOS 'N VOORLIEFDE VIR EENVOUD EN 'N IKONOKLAS SE OOG LAAT ONTWIKKEL, WAT SY INGESPAN HET OM DIE 18DE-EEUSE KAAPS-HOLLANDSE OPSTAL OP BABYLONSTOREN IN DIE FRANSCHHOEK-WYNLANDE TE RESTOUREER TEKS EN FOTO'S **TIM BEDDOW** VERTALER **JOLETTE ROODT**



LINKS Die gaandery, of vergadersaal, is in die dwarsstrepie van die H-vormige gebou en spog met Italiaanse sofas vir 'n kontemporêre gevoel BO Die middelpuntgewel van een van die twee lang geboue aan weerskante van die ingangsinrit

Etlike jare gelede het Karen Roos kuns studeer terwyl sy saam met haar man en kinders in Nederland gewoon het. Haar dosent het eendag tydens 'n klas gesê: 'Jy's 'n anargis en tog wil jy kalmte in jou lewe skep.' Beslis 'n oplettende opmerking, want Karen se rustige houding weerspreek haar revolusionêre uitkyk wanneer dit by binneversiering kom. Hierdie proses, sê sy, draai om 'die skep van 'n bewustheid van dinge met 'n bietjie drama'.

Respek vir die gebou se argitektuur vorm die kern van haar filosofie. Net soos met haar huis, Waterhof, in Kaapstad jare gelede het Karen 'n stukkie afgeskaalde elegansie by Babylonstoren geskep, maar met 'n kontemporêre kinkel. ▸







LINKS Die boules-baan en groentetuin, met 'n uitsig op Simonsberg in die verte REGS Die gastekamer getuig van die eienaar se vermoë om die huis se struktuur vanself te laat spreek sowel as haar liefde vir moderne, opvallende meubelstukke. Die daklamp is van Willowcamp



BO Karen Roos het die vertrek wat gewoonlik in Kaaps-Hollandse huise die eetkamer is in 'n biblioteek en studeerkamer omskep OORKANTSTE BLADSY Die staanhorlosie is een van 'n paar voorwerpe wat saam met die huis gekom het

Karen het grootgeword in die ou Wes-Transvaal (nou Noordwes), in 'n klein dorpie tussen mielieplase. 'Die lewe was 'n bietjie Victoriaans,' sê sy. 'Ek en my suster was geharde modeslawe met ons Londense tydskrifte. Twiggy was hoogmode, so ons het self klere aanmekaargestik.' Sy onthou haar grootouers se huis, wat eenvoudig, streng funksioneel maar elegant was. Die lewe hier het haar verbeelding laat ontwikkel en haar die selfvertroue gegee om haar eie kop te volg.

Later het Karen haar weg gebaan deur die joernalistiek- en uitgewerswêrelde. 'n Tweejaarskof as modestilis by *Glamour* in New York het haar 'n stad met 'n 'gestroopte estetika' gewys. Met haar terugkeer na Suid-Afrika is sy aangewys as moderedakteur van ***Cosmopolitan*** en het sy ook die tydskrif *Red* van stapel gestuur. Die publikasie van binneversiering- en stylboeke het gevolg. Al tydperk wat sy nie in die tydskrifwese verdiep was nie, was toe sy haar kinders in Nederland grootgemaak het terwyl haar man 'n besigheid bedryf het. Hulle het in 'n huis aan die Amstelrivier gewoon, agter 'n regte dyk, met 'n eenvoudige, tipies Hollandse interieur. Dit was juis die beeldskone noordelike sonlig wat deur die huis se lang vensters ingeskyn het, wat Karen geïnspireer het om kunsskool toe te gaan.

Daardie era het tot 'n einde gekom toe die paartjie tien jaar gelede na Kaapstad teruggekeer en die ou marktuin, Waterhof, gekoop het. Hierdie ervaring het Karen se dekorstyl geslyp vir 'n Kaaps-Hollandse milieu, en 'n paar jaar later het 'n toevallige wending gelei tot die koop van 'n plaas in die Drakensteinvallei.

Die landgoed, nou op die R45 tussen Franschhoek en die Paarl, is in 1690 deur goewerneur Simon van der Stel uitgesit. Ruwe pioniersgeboue van klip is eerste opgerig. Hulle is in die 18de eeu vervang deur die huidige H-vormige opstal. Een voordeel van hierdie vorm is dat dit sonlig uit veelvoudige hoeke in elke vertrek inlaat. Soos met ander Kaaps- ►







BO In die hoofbadkamer kyk 1940s-spieëls uit Argentinië uit oor die Agape-bad, terwyl tierlantyntjies uitgestal word in glaskabinette wat lyk soos dié in outydse apteke OORKANTSTE BLADSY 'n Slaapkamer loop uit op die voortuin

Hollandse huise uit daardie tydperk is die binnenshuise ruimtes dikwels veeldoelig en daar is geen gange nie.

Die Louw-familie het die eiendom in 1844 bekom en tot die 21ste eeu daar aangebly. Karen komplimenteer haar voorgangers met die feit dat hulle deur 160 jaar die basiese integriteit van die argitektuur behou en selfs 'n paar Victorianiserings omgekeer het.

'Die werf was vir my betowerend,' vertel Karen. 'Maar omdat 18de-eeuse witgekalkte grasdakgeboue hulle persoonlikhede so vrymoedig opdring, is hulle nie maklik om aan te torring nie.' Met haar intuïtiewe geesdrif het sy egter die ▸



# SY ONTHOU HAAR GROOTOUERS SE HUIS, WAT



huis nuwe krag gegee. Die eerste stap was om die vloere en plafonne te restoureer (amper al die plafonne is van geelhout; die vloere is van Baltiese greinhout en plek-plek is daar nog die oorspronklike terracottateëls) en van die moderne kompromieë in die kombuise en badkamers ontslae te raak.

Die argitekte Trevor Thorold en James Brummer het voortreflike restourasiewerk gedoen. Vir party van die vloere is terracottateëls met 'n hoekslyper in die ou '14'-formaat gesny. Vir die kombuis- en badkamermure is witjes (tradisionele vierkantige teëltjies) deur Piet Jonker in Holland gebak, in individuele baksels sodat die kleure marginaal verskil. Dít gee 'n effens geskimmelde, antieke effek. Die spens is met handgeklopte ysterware gerekonstrueer.

Deur die afgelope paar jaar is Karen as redakteur van *Elle Decoration* aan nuwe ontwerp-denkwyses blootgestel en sy het besluit om 'n paar kontemporêre elemente te waag. Hierdie nuut-op-oud-effek moes egter tydloos wees. Vir Karen is die projek 'n toutrekkery tussen respek vir die oorspronklike 18de-eeuse bedoeling en die minagting van konvensies. Voeg daarby 'n waardering vir die funksionaliteit van meubelstukke.

Soos 'n tipies Kaaps-Hollandse huis bestaan die huis uit 'n voorkamer en slaapkamer aan die voorkant, die hoof-

# EENVOUDIG, STRENG FUNKSIONEEL MAAR ELEGANT WAS



BO Die H-vormige gebou, wat uit die 1770s dateer, het swierige Kaaps-Hollandse gewels OORKANTSTE BLADSY Die kombuis het 'n kloosterlike gevoel. Die kandelaar is 'n wynbottel-droograk wat geëlektrifiseer is en die tafel is 'n 19de-eeuse slagtersblok

slaapkamer en kombuis agter, en 'n gaandery in die middel (in die strepie van die 'H'). Karen het getrou gebly aan hierdie vloerplan, alhoewel die voorkamer – aan die regterkant soos 'n mens inkom – herleef as 'n werksbiblioteek.

Die gaandery is 'n eienaardige leefruimte-in-'n-deurgang, van waar die huisvrou van ouds haar terrein met kraalogies kon dophou. Vandag versier modieuse Italiaanse rusbanke die vertrek. Die ingeboude kaste hier is 'n bietjie te oordadig na Karen se sin, maar is ongelukkig onmoontlik om te verwyder. Een is dus nou 'n handige vertoonruimte vir haar gunsteling ontwerptydskrifte.

Regoor die voorportaal is 'n karig gemeubileerde slaapkamer. 'n Bidsnoer hang teen een muur, 'n reiscollage teen 'n ander. Dít is geïnspireer deur die konsep van rondtrekkende mense wat deurreis. 'Die Kaap is op 'n manier só,' sê Karen. 'Verganklik en vol rustelose mense wat altyd aan die rondtrek is.'

Karen se vertroue in die mag van argitektuur om ontwerp te lei, tesame met haar neiging om tradisies om te keer, het nuwe lewe in die opstal by Babylonstoren geblaas.

▪ *Die tuin by Babylonstoren, 'n restaurant en gaste-akkommodasie sal binnekort oop wees vir die publiek. Kontak Babylonstoren vir meer inligting ☎ 021 863 1804; www.babylonstoren.com*